

HOOFSTUK V

'N KORT VERGELYKING TUSSEN DIE HISTORIESE EN LITERERE BEELDE VAN W.A. VAN DER STEL

'n Historiese beeld steun geheel en al op geskiedkundige feite soos dit uit die nagelate bronne, primêr en sekondêr, nagevors en geïnterpreteer word. Daar is tereg beweer dat elke historikus 'n eie beeld van die verlede skep.¹⁾ Dit geld veral vir die interpretasie van feite. Die historikus kan egter ook van sy verbeelding gebruik maak, net soos die digter of dramaturg, "met die belangrike onderskeid alleen dat sy verbeelding gebind is aan die ervaring en deurgronding van die werklikheid. Hy mag nie daarby iets bydig nie maar alleen die werklik deurvorste stof beter verstaan."²⁾

Dit is beslis geen maklike taak om 'n objektiewe getroue beeld van byvoorbeeld 'n histories-belangrike figuur daar te stel nie, veral as daar min persoonlike besonderhede oor so 'n persoon nage= laat is. Dit is juis die geval met W.A. van der Stel; trouens, hy het geen persoonlike korrespondensie nagelaat nie en daar be= staan, sover bekend, ook geen skildery of afbeelding van hom nie.

Die historiese beelde van die Van der Stel-figuur wat in hierdie verhandeling ondersoek word, berus hoofsaaklik op sy optrede as goewerneur aan die Kaap. Dit is die beeld van 'n man met sy swakhede, feilbaarhede, maar ook met sy voortreflikhede.

- 1) F.A. van Jaarsveld: Lewende Verlede. Johannesburg, 1962, p. 76.
- 2) A.J.H. van der Walt: "Geschiedbeskouing en geskiedvorsing" in Koers, Februarie 1956, p. 213.

Die dramaturg, D.J. Opperman, het in die daarstelling van sy beeld van W.A. van der Stel in sy drama, VERGELEGEN, ook sommige van die belangrike historiese bronne noukeurig nagegaan.³⁾ Haas elke feit in dié drama korreleer met 'n feit in een of ander bron! Maar die groot verskil tussen Opperman se beeld en die historiese beeld lê daarin dat hy as dramaturg die historiese stof gaan verwerk het en as sodanig geen slaaf van historiese gewens was nie. As gevolg van die feit dat hy ingegryp het in die historiese feite, het hy 'n dieper waarheid daaruit laat spreek.⁴⁾ VERGELEGEN styg as drama uit bo die blote weergawe van 'n stryd tussen goewerneur en vryburgers. Dit bring ons "tot die insig dat die mens in sy aardgerigtheid en in sy strewe om die aarde na sy wil en wens te vorm, gevaar loop om sy perspektief op die ewigheid te verloor en so sy eie ramspoed te bewerk."⁵⁾ In die literêre beeld het Opperman as woordkunstenaar sy aksente dus anders gelê as die historici. Hy skep 'n unieke, gekompliseerde beeld van Van der Stel wat in geen ander bron voorkom nie.⁶⁾ Daarom is die literêre beeld veel verwickelder as die historiese beeld. Van der Stel tree in eersgenoemde op as 'n figuur met 'n dualiteit in sy karaktersamestelling. Hy tree soms sterk op en dan swig hy weer voor argumente van sy mede-amptenare. Die mens Van der Stel staan veel duideliker uit in die drama en sy handelwyse word verklaar, sonder dat die dramaturg kant kies. Die biologiese en psigologiese verklaring van die Van der Stel-figuur in VERGELEGEN is natuurlik 'n vinding van die dramaturg en verskil grootliks van die historiese beeld van hierdie figuur, omdat hierdie siening glad nie in laasgenoemde voorkom nie.

- 3) Hoe presies hy dit gedoen het word aangedui deur K.E. Grové: a.w.
- 4) Ibid.
- 5) Ibid., p. 265.
- 6) Kyk hoofstuk IV.

Opperman lê die klem op die Goewerneur se minderwaardigheidsgevoel wat 'n uitvloeisel is van sy gemengde bloed. Ook Van der Stel se verhouding tot die ander karakters, wat almal historiese figure verteenwoordig, verskil van die historiese beeld.⁷⁾

Daar is byvoorbeeld die Tas-figuur wat in VERGELEGEN, behalwe sy rol as een van die vernaamste vryburgers, ook nog 'n ander baie belangrike funksie vervul: hy word die skrywersfiguur⁸⁾ wat sin moet gee aan die gebeure en terselfdertyd sekere aspekte van Opperman se siening van die kunstenaarskap na vore moet bring. Tas word teen die einde van die drama selfs deur Van der Stel daarvan beskuldig dat hý eintlik die oorsaak van al die ongeluk is.⁹⁾ Volgens hom het Tas die waarheid doelbewus verdraai: "Vergelyk 'n mens die wêreld wat jy beskryf, / met die nuwe wêreld wat ek geskep het nie, / dan is die landskap en gestaltes op papier / onherkenbaar, 'n leuen ..."

Nêrens word so 'n simpatieke beeld van Van der Stel aangetref soos juis in VERGELEGEN nie. Na sy neerlaag keer hy byvoorbeeld terug tot die geloof en erken sy skuld. Hier verskil die literêre beeld grootliks van die historiese beeld; in laasgenoemde is daar hoegenaamd geen sprake van 'n skulderkenning deur Van der Stel nie; inteendeel, hy het tot op die end volgehou dat hy deur die koloniste vals beskuldig is. Die feit dat hy uit sy pad gegaan het om homself te verdedig, is duidelik bewys hiervan. Die hele konsepsie van die literêre beeld verskil van die historiese

7) Kyk hoofstuk IV.

8) Die skrywersfiguur kom in meer as een werk van Opperman voor. Vergelyk byvoorbeeld die "Scriba van Egipte" uit "Engel uit die Klip", die Arioon-figuur in "Periandros van Korinthe" en Trichardt in "Voëlvry".

9) Opperman: Vergelegen, p. 104.

beeld. VERGELEGEN het 'n eie, afsonderlike struktuur en Van der Stel praat 'n ander taal in die versdialoog. Dit maak die drama as 't ware los van die werklikheid en skep sy eie werklikheid - die werklikheid van die woordkunswerk. Dit bring vanselfsprekend mee dat die literêre beeld heelwat meer fasette het as die historiese beeld.

Ten slotte kan op nog een aspek gewys word waar die literêre beeld ruimskoots van die historiese beeld verskil. Opperman het moderne, aktuele raakpunte by sy beeld betrek. 'n Voorbeeld is die kleurkwessie wat so 'n belangrike rol in die drama speel. Hy het vanuit ons tyd na 'n gebeurtenis gaan kyk wat ver in die verlede lê. Dit bring noodwendig mee dat die fokus deur hierdie moderne bril anders sal wees as dié bril waarmee historici na die verlede kyk.

Hoewel daar dus verskille tussen 'n historiese en literêre beeld is, kan die wins wat die navorser uit albei put moontlik so saamgevat word: hierdie geheelbeeld is oneindig ryker geskakeerd, meerdimensioneel.